Avalon Funerals 0860 051 051

Avalon
FUNERALS™
Reach for the Helping Hand

WAT OM TE DOEN WANNEER 'N STERFTE PLAASVIND

Geagte Leser.

Hierdie inligting is saamgestel om u/jou met die praktiese en logistieke reëlings tydens die moeilike gebeurtenis van 'n sterfte te help. Aangesien die meeste sterftes in gesondheidsorg-instansies soos hospitale, aftree-oorde of sorgeenhede plaasvind, moet die personeel aan diens in kennis gestel word van die familie se persoonlike behoeftes wanneer die tyd aanbreek. Indien 'n sterfte tuis plaasvind, moet die persoon se huisdokter onmiddellik in kennis gestel word. Indien die sterfte ontydig, onvoorsiens of in verdagte omstandighede plaasvind, moet die plaaslike polisie onmiddellik in kennis gestel word.

Die volgende stappe sal u help wat ookal die omstandighede is:

STAP EEN

- Gee instruksies, kontaknommers en name van wie om te skakel aan die hospitaalpersoneel
- Kontak huisdokter, ambulansdiens, of polisie indien nodig, om die sterfte te bevestig indien tuis
- Kontak Avalon begrafnisdienste met die volgende inligting:
  - Oorledene se volle name en van;
  - Waar het u geliefde gesterf? Is hy/sy steeds daar?
  - Wie is die naasbestaandes en wat is hul kontakbesonderhede?
  - Jou naam en kontakbesonderhede indien jy nie die naasbestaande is nie.

Ons reël dan onmiddellik om die oorledene na die veiligheid van ons fasiliteit te neem.

STAP TWEE
Konsultasie vir begrafnis of verassing

- Bevestig 'n tyd en plek vir ons om u te besoek en u behoeftes te bepaal
- Vir ons besoek, vra ons dat u die volgende inligting gereed sal hê:

Geliefde se:

- ID Dokument
- Residensiële adres
- Hoogste kwalifikasie
- Huwelikstatus en gade se besonderhede
- Onlangse foto van geliefde
- Datum en plek van geboorte
- Burgerskap
- Beroep gedurende leeftyd
- Leraar en kerkbesonderhede
- Klere vir u geliefde
- Avalon_begrafnisbeplanningsvorm indien beskikbaar
- Enige addisionele polis-, pensioen- of boedeldokumentasie wat ons vir u kan behartig

Reëlings en inligting vir die diens:

- Bevestig 'n geleë plek om die diens te hou. Dit kan by u kerk of enige ander fasiliteit, geskik vir 'n diens, wees.
- Bevestig 'n datum en tyd vir die diens.
- Bevestig met u leraar en kerkpersoneel die verlangde datum en tyd.
- Kies tussen 'n begrafnis- of verassingsdiens.
- Indien begrafnisdiens: Bevestig asb of daar bestaande graf is met ligging en grafnommer
  Is die kis in die kerk of bly die kis in die voertuig tydens die diens?
- Indien verassingsdiens: Is die kis in die kerk en verassing daarna, of gedenkdiens met verassing gedoen voor die diens en as in kissie tydens die diens?
- Besonderhede van gedenkmuur vir plasing van as, indien verlang.
- Besigtiging van geliefde voor die diens of verassing?
- Bevestig draers indien van toepassing.
- Skriflesing en liedere.
- Spesiale item soos 'n lied wat gesing of gespeel word.
- Kennisgewing in die plaaslike koerant.
- Lys van bedankings vir leraar of persoon wat bedankings doen.
- Beskrywing van blomme wat verlang word.
- Verversings na afloop van die diens.
- Persoonlike items van geliefde om tydens die diens uitgestal te word.
- Inligting vir die diensprogram.

STAP DRIE

Na die reëlings, maar voor die diens:

- Maak 'n lys van familie, vriende en persone om in kennis gestel te word.
- Maak 'n lys van almal wat gebel het, boodskappe of blomme gestuur het, sodat ons hulle na afloop van die diens namens u kan bedank.
- Wees voorbereid dat mense vir u gaan vra: "Laat weet asseblief waarmee ons kan help" Aanvaar hul vrygewigheid. Moet nie skaam voel nie. Mense wil help, maar weet nie altyd wat u nodig het nie.

STAP VIER

Maak gerus 'n afspraak met ons na afloop van die diens indien u hulp benodig met:

- Invul van vorms aangaande die boedel.
- Kennisgewing aan u geliefde se bank.
- Hantering van addisionele polisaansoeke.
- Kansellasie of aanpassing van pensioenfonds.
- Kwessies rakende selfoonkontrakte.
- Bevestig die lys van persone en instansies wat u wil bedank. Ons voorsien 'n elektroniese bedankingskaartjie wat per e-pos gestuur kan word, asook diensprogramme aan die persone wat nie die diens kon bywoon nie.
- Vir spesialis testament en boedelverwante inligting, skakel Johan Wessels by 083 3007 296.

Indien u meer gedetaileerde vrae het oor wat om te doen, kan u ons gerus skakel wanneer u gereed is. Ons is hier om te help.

Luco Crispin: 0860 051 051 / 082 454 5045

Avalon Funerals 0860 051 051

24hrs **082 454 5045**

lucocrispin@gmail.com